# Gebedsbulletin
# No. 35 van 2023

## 27 Augustus 2023

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# GOD haal NOOIT jou foto uit SY beursie nie

Ek onthou my liewe skoonma se beursie was altyd vol foto's van haar kleinkinders. Na haar dood het ons weer hierop afgekom. Dit het my herinner aan die woorde van 'n vriend, wat eenkeer gesê het sommige mense dra nie meer sy foto in hulle beursies rond nie. Hiermee het hy eintlik bedoel dat hy al 'n brug of twee in die lewe verbrand het. Hy het 'n paar vriende en familielede langs die lewenspad verloor as gevolg van onderlinge verskille, wat hulle nie kon uitsorteer nie.

Dit is nie vreemd dat mense partykeer ander mense uit hulle lewe verwyder nie. Konflik en verskille, wat hande uitruk, veroorsaak dat mense moed opgee op mekaar. By wyse van spreke haal hulle dan mekaar se foto's uit hulle beursies. Maar hier is goeie nuus: God doen dit nooit met ons nie. Nooit los Hy Sy kinders se hand nie. Al maak ons Hom kwaad en al stel ons Hom hoeveel keer teleur, verloor Hy nie moed met ons nie. Hy bêre ons elkeen se foto vir ewig en altyd in Sy genade-album.

***HY ken elkeen van ons as SY kinders op ons naam, nou en vir altyd!***

***deur Stephan Joubert***


## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Cedric Wiegand
Maria Steyn
Ria Putter
Oom Sampie Swart
Tannie Martie de Beer
Jaco Steenkamp
Monty Pienaar
Tannie Marinda Jordaan
Heleen Lamont
Piet Venter
Louis Strauss
Annika Killian
Sumari Pretorius
Leonie Kruger
James Vermaak
Heinrich Kotzé
Albert Glockzin
Rudi Kruger
Jillian Jansen
Willie Britz
Theuns Pelser
Jan-Harm Pretorius

***Ons innige meegevoel aan die Olivier familie met die afsterwe van oom Bennie Olivier.***




<u>*Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .*</u>
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede



-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN







Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in